

KONINKRYK SUPPLEMENT 18

[JESUS CHRISTUS] DIE WEDERKOMS VAN JESUS CHRISTUS

Ontdek en bespreek. Wat leer die Bybel oor die wederkoms van Christus?

A. CHRISTENE MOET WAAKSAAM EN TROU WEES

Die boodskap van Matteus 24 (en 25) is dat Christene waaksaam moet wees met die oog op die wederkoms van Jesus as Regter en as Beloner. Die profesieë in hierdie hoofstukke verwys enersyds na gebeurtenisse *in die nabye toekoms* van die dissipels van Jesus en andersyds na gebeurtenisse *in die eindtyd*. Die naderende oordeel oor Jerusalem en die Laaste Oordeel van die hele wêreld by die wederkoms van Jesus is met mekaar verwewe tot 'n onderrig oor "die laaste dinge". Die naderende katastrofe oor Jerusalem dien as 'n illustrasie (die tipe) van die definitiewe katastrofe oor die hele wêreld in die eindtyd (die antitipe).

(1) Matteus 23:37 – 24:3. Die aanleiding.

Die aanleiding vir die onderrig oor die laaste dinge is die weeklag van Jesus oor Jerusalem en die twee vrae van die dissipels.

(2) Matteus 24:4-14. Die begin van die weë.

Baie soorte verdrukings (as oorloë, hongersnode en aardbewings) sal die verkondiging van die evangelie van die Koninkryk aan alle volke in die wêreld begelei. Al hierdie dinge moet gebeur, maar hierdie rampe is nog nie die einde nie.

Matteus 24:4-14 is 'n onderdeel van die lang periode vóór die wederkoms.

(3) Matteus 24:15-20. Die verdrukking van Jerusalem.

Die groot verdrukking of tyd van verskrikkinge aan die einde van die Nuwe-Testamentiese periode word voorafgegaan deur die rampe (verskrikkinge) van Jerusalem.

In vers 15 verwys Jesus eers na die profesie van Daniël oor "die gruwel wat verwoesting aanrig" wat in die heilige plek sal staan" (Daniël 9:27)¹.

Die profesie van Daniël (oor 'n groot verdrukking) het in vervulling gegaan in 167 v.C. toe die koning Antiochus IV, Jerusalem laat plunder het en die tempel ontwy het. Die apokriewe boek 1 Makkabeërs 1:41-57 beskryf hierdie gebeurtenis as volg:

"Daarna het die koning vir heel sy ryk die bevel uitgevaardig dat almal één volk moes word, en dat elkeen sy eie godsdien moes opgee. Alle nasies het aan die woord van die koning gehoor gegee. Selfs onder die Israeliete was daar baie mense wat graag die godsdien van die koning aangeneem het, aan afgode geoffer het en die Sabbat ontheilig het. Die koning het ook bodes na Jerusalem en die stede van Juda gestuur, met 'n skriftelike bevel dat die Israeliete die (nuwe) godsdien moes oorneem en op moes hou met hulle brand-, slag- en plengoffers in die tempel; dat hulle die Sabbat en feesdae moes ontheilig en die tempel en die heilige ampte moes ontwy; dat hulle altare, tempels en kapelle moes oprig vir die afgode, en varke en ander onrein diere moes offer; dat hulle hul seuns nie meer mog besny nie, en hulleself moes verontreinig deur allerlei onreine en onheilige praktyke, om so die godsdien (van Israel) moes vergeet en haar voorskrifte moes verkrag. Almal wat hierdie bevel van die koning nie sou gehoorsaam nie, sou gedood word. Soortgelyke bepalinge het hy in heel sy ryk afgekondig. Tegelykertyd het hy amptenare oor die volk aangestel wat in elke stad van Juda moes toesien dat offerandes (aan die gode) gebring word. Baie mense in die volk het die voorskrifte gevolg en hulle nie aan die godsdien (van Israel) gestoor nie. Hulle het soveel kwaad in die land aangerig dat dit die Israeliete gedwing het om in alle moontlike skuilplekke weg te kruip. Op die vyftiende kislew van die 145^{ste} jaar (gereken vanaf die stigting van die Dinastie van Seleucus in 312 v.C., dus in Desember 167 v.C.) het die koning die gruwel wat verwoesting veroorsaak op die brandofferaltare (in die tempel) laat bou; altare vir afgode in die stede van Juda laat oprig en voor die ingang van die huise en op die pleine het mense wierook gebrand. Alle Skrifrolle (van die Bybel) wat opgespoor kon word is verskeur en verbrand, en mense by wie 'n Boek van die verbond gevind is of mense wat nog die Wet onderhou het, is volgens koninklike besluit gedood."

In Matteus 24:15-20 sê Jesus dat hierdie profesie van Daniël (oor die groot verdrukking)'n tweede maal in die toekoms vervul sou word. Dan sou dit veral te make hê met die tempel in Jerusalem en mense in Judea in daardie tyd.

Hierdie tweede groot verdrukking van Jerusalem is in 70 n.C. is vervul toe die Romeinse veroweraar, Titus, Jerusalem

¹ **Daniël 9:27** Die regeerder sal vir een tydperk (letterlik: week) 'n vaste ooreenkoms aangaan met die vooraanstaandes en teen die helfte van die tydperk (letterlik: week) sal hy die diereoffers en die graanoffers afskaf. Hy sal op die een hoek van die tempel 'n ding sit wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, en dit sal daar staan tot alles verby is. Dan sal oor die regeerder wat soveel verwoesting aangerig het, losbars wat oor hom besluit is.

omringel het en uiteindelik verower het. Die heidense Romeinse soldate het hulle heidense standarde, met Romeinse afgode bo-op afgebeeld, in Jerusalem en in die tempel ingedra. Daarna het hulle Jerusalem en die tempel verwoes (Lukas 21:20-24)².

Maar Jesus sê dat die verwoesting van die tempel en Jerusalem in 70 n.C. nog nie die einde van hierdie eeu (d.w.s. van die hele Nuwe-Testamentiese periode wat eindig met die wederkoms van Christus) sal wees nie, omdat Jerusalem (vir 'n lang tyd) deur die heidene vertrap sal word totdat die tyd van die heidennasies verby is (Lukas 21:24; sien Romeine 11:25; Openbaring 11:2).

Hierdie verdrukking van Jerusalem (wat in die 2^{de} eeu v.C. en die 1^{ste} eeu n.C. plaasgevind het) is die *voorafskaduwing* van baie soortgelyke periodes van verdrukking (verskrikkings) in die wêreldgeskiedenis daarna (vgl. Matteus 24:4-14). Die verdrukking van Christene sal aanhou vanaf die eerste koms tot die wederkoms van Jesus. Daarom word in die boek van Openbaring die hele periode tussen die eerste koms en die wederkoms van Jesus ook “die groot verdrukking” genoem (Openbaring 7:9,14)³.

(4) Matteus 24:21-26. Die groot verdrukking kort voor die wederkoms van Jesus Christus.

Die verdrukking van Jerusalem rondom die begin van die Nuwe-Testamentiese periode sou groot wees, maar die aller grootste verdrukking in die menslike geskiedenis, met name die verdrukking van Christene, sal kort vóór die wederkoms van Christus plaasvind. Hierdie laaste groot verdrukking (tyd van verskrikkings) is die slot van alle voorafgaande periodes van groot verdrukking (vgl. Matteus 24:4-14). Dit sluit die Nuwe-Testamentiese periode af.

Gedurende hierdie groot verdrukking sou baie valse christusse (messiasse) en valse profete verskyn wat groot wonderwerke sou verrig met die doel om Christene te verlei. Jesus Christus sê egter duidelik dat verleiding van Christene nie moontlik is nie (Matteus 24:24; vgl. Johannes 17:12)⁴! Maar Christene sal seker deur die groot verdrukking gaan!⁵

(5) Matteus 24:27-31. Die wederkoms van Jesus Christus.

Hierdie finale groot verdrukking sal beëindig word deur die wederkoms van Christus.

- Die wederkoms sal orals sigbaar wees, net soos die bliksem in die Ooste tot in die verre Weste sigbaar is (Matteus 24:27, sien vers 29).
- Die wederkoms sal orals hoorbaar wees, omdat die stem van Christus, die stem van 'n aartsengel, en die luide trompetgeskalm die dooie mense sal opwek (Matteus 24:31; Johannes 5:28-29; 1 Tessaloniense 4:16).
- Die wederkoms sal deur elke mens ervaar word: die engele sal die uitverkore mense (d.w.s., alle opregte Christene) versamel om Jesus in die lug te verwelkom (Matteus 24:40a,41a; sien 1 Tessaloniense 4:17; 2 Tessaloniense 1:10), maar hulle sal alle ongelowige mense en nie-Christene agterlaat om eers die heftige beweging van die hemelliggame te aanskou (Hebreeërs 12:26-27; Openbaring 6:12-17) en later op dieselfde laaste dag voor de troon van oordeel van Christus in de lug gedryf word (Matteus 24:40b,41b; sien Matteus 25:31-33; Openbaring 20:11-12).
- Die wederkoms sal die hemelliggame heftig beweeg. Hulle sal met 'n groot gedruis verbygaan (wegvlug) en die elemente in die heelal sal verbrand en tot niet gaan (Matteus 24:29; 2 Petrus 3:10-13; Openbaring 6:12-17; Openbaring 20:11). Dus vind die laaste oordeel van mense plaas in die hoër gebiede (in die lug) (Matteus 24:31; Matteus 25:31-32; 1 Tessaloniense 4:17) tegelyk met die finale oordeel van die heelal en die ou aarde.
- Die wederkoms sal plotseling en heeltemal onverwags plaasvind (Matteus 24:36).

(6) Matteus 24:32-35. Die gelykenis van die vyeboom.

Sien die uitleg van hierdie gelykenis in handleiding 12, supplement 16. Wanneer die dissipels (van Jesus Christus) al hierdie gebeurtenisse sien wat uitloop op die verskyning van die gruwel wat verwoesting veroorsaak in die tempel, dan sal die dissipels weet dat die verwoesting van Jerusalem naby is. Dit is die antwoord van Jesus op die eerste vraag van die dissipels (Matteus 24:3a).

(7) Matteus 24:36-44. Christene moet altyd waaksaam en gereed wees.

Die sondvloed in die dae van Noag was plotseling, onverwags en het almal omkant gevang! So sal die wederkoms van Jesus Christus ook wees: plotseling, onverwags en deur alle mense ervaar word! Die wederkoms sal volkome onvoorspelbaar vir sowel nie-Christene as Christene wees. Niemand weet wanneer dit sal plaasvind nie.

² **Lukas 21:20-24** 20 Wanneer julle sien dat Jerusalem deur leërs omsingel word, moet julle weet dat sy verwoesting naby is. 21 Dan moet die wat in Judea is, die berge in vlug, en dié wat in die stad is, daaruit padgee, en dié wat op die plase is, nie na die stad toe gaan nie, 22 want in daardie dae voltrek God sy straf. Alles wat geskrywe staan, word dan bewaarheid. 23 Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger is en met dié wat nog klein kindertjies het, want daar sal groot nood in die land heers, en God sal hierdie volk straf. 24 Sommige sal deur die swaard val en ander as krygsgevangenis na al die nasies toe weggevoer word. Jerusalem sal deur die heidennasies vertrap word totdat ook hulle tyd verby is.

³ **Openbaring 7:9,14** 9 Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad en daar was palmtakke in hulle hande. ... 14 Ek weet nie, Meneer,” sê ek vir hom, “maar U weet.” Hy sê toe vir my: “Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam.”

⁴ **Johannes 17:12** Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in U Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word.”

⁵ Die bedelingeleer is aantreklik vir baie van sy aanhangers omdat dit leer dat Christene nie deur die groot verdrukking sal gaan nie, omdat die Gemeente daarvoor sogenaamd weggeraap sal word. Dit is dus nie waar nie!

By sy wederkoms sal Jesus Christus nie alle mense onmiddellik in sy teenwoordigheid verwelkom nie, omdat één mens “aangeneem sal word” en ’n ander “agtergelaat sal word” (Matteus 24:40-41)!

(8) Matteus 24:45-51. Christene moet trou dienaars wees.

Die gelykenis van die trou en wys dienaars leer die volgende: omdat Christene nie die tydstop van die wederkoms weet nie, moet Christus hulle by sy wederkoms besig vind met dienslewering in sy koninkryk!

(9) Verskillende verwagtinge aangaande die koninkryk van God.

Terwyl die Jode verag het dat die koninkryk beperk sou bly tot Israel (Esegiël 37:21-28; Matteus 20:21; Johannes 6:15; Handeling 1:6), maak Jesus Christus die volgende baie duidelik in sy onderrig en gelykenisse:

- Die koninkryk van God het al gekom met die eerste koms van Christus (Markus 1:14-15; Matteüs 12:28-29).
- Die koninkryk omvat mense uit alle volke (Matteus 8:11-12; Matteus 21:42-44).
- Die evangelie van die koninkryk (Lukas 16:16; Handeling 8:12; 19:8; 20:24-25; 28:23,31) is die evangelie van genade en word aan alle volke verkondig (Matteus 24:14).
- Die koninkryk is ’n werklikheid, maar ’n geestelike koninkryk, ’n koningskap in die harte en lewens van Christene (Lukas 17:20-21; Johannes 18:36).
- Die koninkryk groeï voortdurend (Markus 4:26-32) totdat dit sy finale volmaakte fase (’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde) bereik by die wederkoms van Christus (Matteus 13:36-43; 2 Petrus 3:10-13).

B. DIE TUSSENLIIGENDE TOESTAND IN DIE HEMEL

1. Die verganklike lewe in ’n menslike liggaam op die aarde.

Die verganklike lewe op die aarde word met die ewige lewe in die hemel vergelyk. Dit word in die Bybel deur die volgende uitgebeeld:

- Abraham (2000 v.C.), het as ’n bywoner en vreemdeling in tente in ’n vreemde land gewoon, maar het uitgesien na die hemelse Jerusalem (simbool: “die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is”) (Hebreërs 11:8-16).
- Die aardse tentwoning (tabernakel) (1446 v.C.) het gedien as die huis van God gedurende die reis deur die woestyn, maar word vergelyk met die hemelse tabernakel (Hebreërs 8:5).
- Die Huttefees (1446 v.C.) waarby mense in tente/hutte gewoon het, was ’n herinnering aan die kampelewe van die Israeliete gedurende hul veertig jaar reis deur die woestyn. En die lewe in permanente wonings in die beloofde land wat oorvloedig met melk en heuning is ’n tipe van die ewige erfenis van God se volk.
- Die verganklike menslike liggaam van Jesus Christus en sy lewe op die aarde (sy inkarnasie): Die Woord het letterlik “vlees” (mens) geword en onder ons sy tent opgeslaan (kom woon) (Grieks: eskénósen)” (Johannes 1:14). Dit word vergelyk met sy verheerlikte menslike opstandingsliggaam (Johannes 2:19-22; Filippense 3:21) en sy ewigheid by God in die hemel (Johannes 1:1; 12:27-28; 20:17).
- Die Christen wat in sy tentwoning (sy liggaam) op die aarde lewe totdat dit afgebreek word (Grieks: analúo) (Filippense 1:23; 2 Timoteüs 4:6) of (Grieks: katalúo) (2 Korintiërs 5:1) deur die dood.

2. Die tussenliggende toestand van die menslike gees sonder ’n verheerlikte menslike liggaam in die hemel.

“Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.” “Ja, sê die Gees, “hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle” (Openbaring 14:13; vergelyk 1 Korintiërs 3:12-15).

Die tussenliggende toestand tussen dood en opstanding word in 2 Korintiërs 5:1-10 en Filippense 1:21-25 beskrywe. Die apostel Paulus verlang na ’n spoedige wederkoms van Christus, selfs voordat hy sterf, omdat hy dan nie deur die sterwe van sy liggaam “naak” sal wees nie. Hy wil nie “ontkleed/uitgetrek” (Grieks ekdusasthai) (i.e. met ’n menslike gees sonder ’n menslike liggaam) wees nie, maar “bo-oor gekleed/aangetrek” (Grieks ep+endusasthai) wees (2 Korintiërs 5:4-5). ANV: “Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie. Ons wat nog in die tentwoning (ons liggaam) is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe. Hy wat hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.”

Omdat doodgaan ’n werklikheid in die lewe is, “verlang Paulus daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste” (Filippense 1:23). Hy besef dat (letterlik:) “in die vlees/liggaam bly” (ANV: in die lewe bly), noodsaakliker is vir die Christene wat God aan hom toevertrou het (Filippense 1:24). Hy besef dat “solank as hy in die liggaam bly, hy nog nie by die Here woon nie” (2 Korintiërs 5:6). Hy verkeer in ’n tweestryd, maar het tog ’n groter verlanget om (letterlik:) “uit die liggaam te woon (Grieks: ekdémésai ek) en by die Here in te woon” (Grieks: endémésai pros) (2 Korintiërs 5:8). ANV: “Hy sou liever sy verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here (in die hemel) gaan woon”.

Nou dat hy nog in sy liggaam woon, verlang hy daarna dat “sy woning uit die hemel (d.w.s. sy opstandingsliggaam) hom eens en vir altyd sal oordek” sodat die sterflike (heeltemal) deur die lewe verslind word (Grieks: katapínó) (aoristus) (2 Korintiërs 5:2-4). God sal die sterflike liggaam van ’n Christen in die graf nie in die steek laat nie (vgl. Handeling 2:23-28). Niks en niemand kan ’n Christen (of selfs sy dooie liggaam, sy stof in die graf) skei van die liefde

van God in Christus nie (Romeine 8:38-39)! Die opstandingsliggaam word “’n vaste gebou van God in die hemel” genoem, “wat nie deur mensehande gemaak is nie, maar deur God” (2 Korintiërs 5:1). D.w.s. dat die opstandingsliggaam van die Christen nie opgebou word deur middel van menslike ouers nie (sien Matteus 22:30), maar uitsluitend deur God. Hierdie nuwe onsterflike opstandingsliggaam sal die ou sterflike liggaam heeltemal verslind. Dit sal die ou sterflike liggaam oorklee netsoos ’n jas bo-oor die klere daaronder (Grieks: ep + enduomai) (2 Korintiërs 5:2-4)! Die opstandingsliggaam sal nie ’n heeltemal nuwe geskape liggaam wees nie. Dit sal die oorspronklike sterflike liggaam (elemente, stof) wees wat oorklee word, d.w.s. heeltemal ’n vernuwing sal ondergaan! Die opstandingsliggaam sal gelyk wees aan die verheerlikte opstandingsliggaam van Jesus Christus (Filippense 3:20-21)! Dit sal “’n onsterflike liggaam” (Openbaring 21:4) wees, “onverganklik, verheerlik, kragtig en geestelik” (1 Korintiërs 15:42-44).

Paulus verwys hier NIE na een of ander “liggaam” tydens die tussenliggende toestand in die hemel nie, want hy is immers “ontkleed” (hy het dan alleen ’n menslike gees sonder ’n menslike liggaam). Maar hy verwys WEL na die opstanding van die liggaam by die wederkoms van Jesus Christus. By die opstanding uit die dood by die wederkoms van Christus, sal hy “met sy woning uit die hemel oorklee word”. Hy sal ’n verheerlikte opstandingsliggaam ontvang.

3. Die tussenliggende toestand met ’n verheerlikte menslike gees in die hemel.

Op die oomblik dat ’n Christen sterf, word sy onvolmaakte menslike gees verander en word dit gelykvormig aan die volmaakte menslike gees van Jesus Christus (1 Johannes 3:1-3).

By die opstanding uit die dood word die verheerlikte menslike gees met die verheerlikte menslike liggaam gere-integreer tot ’n onverganklike eenheid. Die Christen wat uit die dood opstaan sal “’n lewendmakende gees” wees wat die volmaakte gelykenis van Christus wat uit die dood opgestaan het, sal dra. Dit beteken dat Christene geestelik en liggaamlik volledig en volmaak deur die Heilige Gees gelei sal word en deur die Gees sal wandel (1 Korintiërs 15:45-50; Galasiërs 5:16,18,25). God berei Christene vir hierdie heerlike toekoms voor deur aan hulle nou al in die teenswoordige tyd die Heilige Gees te gee as ’n onderpand wat garandeer dat hierdie verandering baie seker sal plaasvind (2 Korintiërs 1:22; 5:5)!

Maar hoe en wanneer vind die wederkoms plaas?

C. DIE TEKENS VAN DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS

1. Jesus vertel oor “die laaste dinge” (Matteus 24:1-3)

(1) Twee vrae.

Die dissipels het twee vrae aan Jesus gestel oor “die laaste dinge” wat in die geskiedenis gaan gebeur: “Wanneer sal die verwoesting van die tempel en Jerusalem gebeur?” (Matteüs 24:1-3a) en “Wat sal die teken van U koms en (beter: dit wil sê) van die einde van hierdie wêreld wees?” (Matteus 24:3b). Die dissipels het gedink dat Jerusalem verwoes sou word aan die einde van die menslike geskiedenis van die teenswoordige wêreld. Maar die profetiese antwoord van Jesus wys enersyds na gebeurtenisse wat in die nabye toekoms sou plaasvind (die verdrukking van Jerusalem) en andersyds na gebeurtenisse wat eers in die eindtyd sou plaasvind (die groot verdrukking vóór sy wederkoms).

(2) Jesus se antwoord op die eerste vraag van sy dissipels (Matteus 24:15-20; sien Lukas 21:7,20-24a).

Daar spreek Jesus oor “die groot verdrukking” van Jerusalem wat plaas gevind het in 70 n.C. Hy het gesê dat die verdrukking van Jerusalem in die tyd van Daniël die naderende katastrofe in Jerusalem in 70 n.C. en soortgelyke periodes van verdrukking in die toekomstige geskiedenis van die wêreld sal voorafskadu (*Lees* Matteus 24:4-14). Dit sal dien as ’n illustrasie (beeld) van die uiteindelijke katastrofe oor die hele wêreld in die eindtyd! Vergelyk die talryke “skaduwees” in die Ou Testament wat vooruit gewys het na die “werklikhede” in die Nuwe Testament (Kolossense 2:16-17).

Die woord “en” in die tweede vraag van die dissipels beteken in die Grieks “dit wil sê” of “naamlik”.⁶ Dus die wederkoms van Jesus Christus sluit “die einde van die tyd” af! Daar sal nie nog ’n periode van 1000 jaar tussen die wederkoms en die einde wees nie!

(3) Jesus se antwoord op die tweede vraag van sy dissipels (Matteus 24:21-31).

Die teken (enkelvoud) sal die sigbare en hoorbare uiteindelijke wederkoms van Christus op die wolke wees (Matteus 24:29b-31). Maar kort vóór die wederkoms sal “die groot verdrukking” plaasvind (Matteus 24:21-29a). Dit sal die ergste verdrukking ooit wees en ook die einde van alle voorgaande periodes van verdrukking (Matteus 24:4-14). In sy onderrig oor die laaste dinge het Jesus die verdrukking van Jerusalem in die eerste eeu n.C. verweef met die groot verdrukking kort voor sy wederkoms.

2. Daar sal baie tekens wees (Matteus 24:4-14)

Vóór die wederkoms van Jesus sal daar baie tekens wees wat daarop dui dat die wêreld besig is om tot ’n einde te loop:

⁶ Grieks: kai eksplikatief, d.w.s. ’n woord of sinsnede word d.m.v. “kai” toegevoeg aan ’n ander woord of sinsnede met die doel om iets te verduidelik: “en so”, “dit wil sê”, “naamlik”, “met ander woorde” (Matteus 8:33; 24:3; Johannes 9:37).

- (1) vals messias figure (vals christusse)**
- (2) vals profete van ander godsdienste**
- (3) oorloë**
- (4) hongersnode**
- (5) aardbewings**
- (6) periodes van verdrukking van ware Christene deur nie-Christene**
- (7) afvalligheid van naam-Christene (die leegloop van kerke)**
- (8) minagting van God se gebooië**
- (9) verkoeling van die liefde.**

Al hierdie bogenoemde tekens (gebeurtenisse) moet plaasvind, maar hulle beteken nog nie die einde nie (Matteus 24:6). Hulle is net geboortepyne” (Matteus 24:8).

Ook word hierdie tekens vergesel deur die verkondiging van die evangelie aan alle volke in die wêreld (Matteus 24:14; sien Matteus 4:23; Handeling 20:24-25).

Al hierdie tekens (gebeurtenisse) sal plaasvind vanaf “die verwoesting van Jerusalem” in 70 n.C. “totdat die tyd van die heidennasies verby is” (Lukas 21:20,24b), d.w.s., vanaf die eerste koms van Jesus tot die wederkoms van Jesus.

3. Daar sal drie duidelike tekens wees (Matteus 24:14,21-31)

(1) 'n Lang periode.

Eers sal daar 'n lang periode van verkondiging van die evangelie oor die koninkryk (koningskap) van God wees sodat al die nasies die getuie kan hoor (Matteus 24:14).

(2) 'n Baie kort periode.

Daarna sal daar 'n baie kort periode van die groot verdrukking wees. Dit sal die laaste groot verdrukking onder die laaste Antichris wees (Matteus 24:21-29a).

Hierdie twee tekens kan nie gebruik word om die tyd van die wederkoms te bepaal nie (Matteus 24:36,42).

(3) Die wederkoms.

Uiteindelik sal die ontsagwekkende wederkoms van Jesus op die wolke plaasvind (Matteus 24:29b-31). Hierdie gebeurtenis sal plotseling en onverwags vir almal wees. Dit is “die (beslissende) teken” van die einde van hierdie wêreld met sy geskiedenis (Matteus 24:3).

D. DIE LANG PERIODE

Die Boek Openbaring is NIE 'n geskiedenisboek in chronologiese volgorde nie, maar 'n Apokalips in sewe parallelle dele en elke deel “beskryf in beelde en tekens” (Grieks: sémainó) (aoristus)(Openbaring 1:1)⁷ die hele Nuwe-Testamentiese periode vanaf die eerste koms van Christus tot die wederkoms van Christus en die aanbreek van die finale fase van die koninkryk van God.

1. Die lang Nuwe-Testamentiese periode word gesimboliseer deur die getalle “1000” en “3½”.⁸

(1) Die simboliese 1000 jaar periode.

Die getal “3” in die Bybel verteenwoordig die Drie-enige God (Matteüs 28:19). Die getal “10” in die Bybel verteenwoordig volledigheid met betrekking tot die mense op die aarde en die getal “1000” (10x10x10) in die Bybel verteenwoordig die absolute volledigheid wat deur die Drie-enige God bepaal word. Dus, die getal “1000 jaar” is nie letterlik bedoel nie, maar verteenwoordig 'n deur God bepaalde periode wat strek oor alle generasies (Psalm 90:1-4; Psalm 105:8) waarin God sy plan op aarde voltooi (vgl. Jesaja 14:24,26,27).

Openbaring 20 staan parallel met Openbaring 17-19, Openbaring 12-14 en Openbaring 8-11.

Die 1000 jaar periode:

- begin met die vasbind van die satan tydens die eerste koms van Christus (Matteus 12:28-29; Lukas 10:17-20; Johannes 12:31-32; Kolossense 1:13; 2:15, Hebreërs 2:14; 1 Johannes 3:8; Openbaring 12:5-12; Openbaring 20:1-3)
- en eindig met die laaste oorlog (Openbaring 20:7-10; Openbaring 19:11-21; Openbaring 11:7), die opstanding uit die dood en die laaste oordeel by sy wederkoms (Openbaring 20:11-15).

Dus, die 1000 jaar periode simboliseer die hele Nuwe-Testamentiese periode vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms.

⁷ ANV Openbaring 1:1. “die openbaring (in beelde en tekens) gegee wat binnekort moet gebeur”.

⁸ Alle getalle in die boek Openbaring verteenwoordig simbolies letterlike werklikhede wat die letterlikheid van die getalle ver oortref. Sien handleiding 1, les 10, sleutel 5.

(2) Die simboliese periode van “3½ tye”, of “42 maande” of “1260 dae”.

Ook die getal “3½” is nie letterlik bedoel nie, maar verteenwoordig “’n periode van verdrukking” in die Bybel (1 Konings 17:1; Daniël 7:25; 9:27; 12:7; Lukas 4:25; Jakobus 5:17)⁹. Hier verwys dit na die lang Nuwe-Testamentiese periode as “’n periode van die groot verdrukking” (Openbaring 7:14).

Openbaring 11 loop parallel met Openbaring 12-14.

Die lang periode:

- begin by die eerste koms van Christus en die Kerk (hier gesimboliseer deur “die vrou”) wat gedurende “die lang periode” in die woestyn versorg word (Openbaring 12:5-6)
- en eindig by die groot verdrukking teen die Kerk (hier gesimboliseer deur “die twee getuie”) (Openbaring 11:7-10), die opstanding uit die dood en opname in die lug by die wederkoms van Christus (Openbaring 11:11-12), die laaste oordeel (Openbaring 11:18; 14:14-20) en die vestiging van die koninkryk van God in sy finale fase (Openbaring 11:15). Die getal “2” verteenwoordig “getuies” (Deuteronomium 19:15; Lukas 10:1; Openbaring 11:3).

Die getal “3½” suggereer dat gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode, die Satan en sy bondgenote (die Antichriste, die valse profete en die sedelose vroue) sal probeer om sy periode van kwaadaardige gesag te verleng tot die goddelike getal “7”, maar dat hy halfpad (die getal “3½”) plotseling en onverwags afgekap sal word!

Dus, ook die periode van 3½ tye, of 42 maande of 1260 dae simboliseer die hele Nuwe-Testamentiese periode vanaf die eerste koms van Christus tot sy wederkoms.

2. Aan die begin van die lang periode word Satan vasgebind (Openbaring 20:1-6)

(1) By sy eerste koms het Jesus gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak

(1 Johannes 3:8; Hebreërs 2:14).

Deur sy voltooide verlossingswerk (sy dood en opstanding) het Jesus Christus die satan (beeld: “die sterk man”) vasgebind (Grieks: δεό) (aoristus aktief) (Matteus 12:29). Hy het Satan se vermoë om kwaad aan te rig behoorlik aan bande gelê, ingeperk, besnoei! Deur sy kruisiging, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging in die hemel het Hy “die owerste” (Grieks: ho archón) (let wel: nie die Koning nie) (Grieks: basileus) van hierdie bose wêreld (die Satan) uit sy magsposisie gegooi en trek Hy mense van orals in die wêreld na Homself toe (Johannes 12:31-32).

(2) Die Satan het nog wel baie mag om kwaad te doen.

Hy is nog steeds ’n moordenaar en die vader van die leuen (Johannes 8:44; 2 Korintiërs 4:3-4), maar “hy is vir ’n (simboliese) 1000 jaar vasgebind” (Grieks: δεό) (aoristus, aktief) (dieselfde woord as in Matteus 12:29) “sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die (simboliese) 1000 jaar om is nie” (Openbaring 20:2-3).

3. Gedurende die lang periode word die evangelie verkondig (Matteus 24:14)

(1) Gedurende hierdie simboliese periode van 1000 jaar

kan die Satan die volke nie langer mislei nie (Openbaring 20:3).

Vóór die eerste koms van Christus het die satan die nasies onder sy mag en beheer gehou (Daniël 10:12-13,20). Maar ná die eerste koms van Christus, word die uitverkore mense uit sy maggebied geroof en oorgebring na die koninkryk van Christus (Kolossense 1:13). Vóór die eerste koms van Christus, het die Satan gelowige mense voor die troon van God aangekla (Job hoofstuk 1 en 2), omdat daar nog geen versoening vir hulle sondes gedoen was nie. Maar ná die eerste koms van Christus, kan die Satan gelowige mense nie meer voor God aankla nie (Openbaring 12:7-12; Romeine 3:23-26; Romeine 8:33-34) want hul sonde is versoen (Romeine 3:24-25; Openbaring 12:11)!

Satan kan die volke nie langer mislei/laat afdwaal nie (Grieks: planaó) (aoristus aktief), d.w.s., hy kan Christus (en Christene) nie langer keer om die evangelie aan die nasies te verkondig en dissipels van alle nasies in die wêreld te maak nie! Jesus het gesê: En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuies kan hoor. Eers dan sal die einde kom” (Matteus 24:14) (Die toekomstige tyd druk nie alleen ’n toekomstige gebeurtenis uit nie, maar ook ’n absolute sekerheid!) En dissipels van alle nasies sal baie seker gemaak word (Matteus 28:18-20)! Die einde van hierdie teenswoordige wêreld sal dus alleen kom wanneer volgens God die verkondiging van die evangelie aan alle nasies (Grieks: ethné) (groepe van mense soos sakemanne, studente, godsdienste, ens.) voltooi is!

(2) Gedurende hierdie simboliese periode van 1000 jaar

trek Jesus Christus as oorwinnaar uit om nog verder te oorwin (Openbaring 6:1-2; sien Matteus 28:18).

Hy saai “die mense (letterlik: seuns) van die koninkryk” in heel die wêreld (Matteus 13:37-38). “Hy bring sy koring na die skuur toe” (Matteüs 3:12a). Hy “trek mense uit alle nasies na Homself toe” (Johannes 12:32; vgl. Filippense 2:9-11).

Samevatting. Die God van die Bybel “ruk ’n ontelbaar aantal mense uit alle nasies in die wêreld uit die mag van die duisternis (d.w.s. die koninkryk van die bose wêreld) en stel hulle onder die heerskappy van sy Seun (Kolossense 1:13). Op hierdie manier bou Christus sy Gemeente (Kerk) en die magte van die doderyk (beter: die poorte van die hel) sal dit nie oorweldig nie” (Matteus 16:18)!

⁹ Die getal 3½ simboliseer verskillende “periodes van verdrukking” in die heilsgeskiedenis.

(3) Gedurende hierdie simboliese periode van “1000 jaar” of “3½ tye”

sal die satan en sy bondgenote Christene en die Christelike kerk teenwerk.

Gedurende heel hierdie Nuwe-Testamentiese periode, “staan die draak op die seestrand” terwyl die dier uit die see opkom (Openbaring 12:18; 13:1). “Die draak” verteenwoordig die Satan (Openbaring 12:9). “Die see” verteenwoordig die nasies in die wêreld (sien Daniël 7:2-3). En “die dier” verteenwoordig die Antichris in sy talryke vorms. Hy sal uit die nasies van die wêreld voortkom en die satan sal aan hom sy mag, sy troon en sy groot gesag gee (Openbaring 13:2). Maar die Satan self bly op die seestrand staan, dit wil sê, die Satan self word aan die kant gesit, bly as ’t ware aan die kantlyn staan! Dit beteken dat sy invloed op die ongelowige nasies baie verminder is! Dit is ’n ander manier om te sê dat die Satan “vasgebind” is!

Gedurende die hele lang Nuwe-Testamentiese periode vertrap alle nie-Christene (meervoud) in die geskiedenis die aanbidding van die God van die Bybel (beeld: “hulle vertrap die voorhof en die heilige stad”) (Openbaring 11:2b) en maak die verskillende Antichriste (simbool: “die dier wat uit die see opkom”) aanspraak daarop dat hulle “god” is (Openbaring 13:3-6,11-14a) en val die Christelike Kerk (simbool: “die tempel van God”) (Openbaring 11:1) aan wat as ’n georganiseerde instituut getuig (simbool: “God se twee getuies”) (Openbaring 11:1-2a,3; sien 2 Korintiërs 6:16).

Gedurende die lang Nuwe-Testamentiese periode heers die Satan alleen maar oor sy “bose koninkryk van hierdie wêreld” deur middel van sy bondgenote:

- “Die dier wat uit die see opkom” (die Antichris) verteenwoordig die antichristelike politieke magte van die satan (Openbaring 13:1-10)
- “Die dier wat uit die aarde opkom” (die valse profeet) verteenwoordig die antichristelike godsdienstige magte van die satan (Openbaring 13:11-18)
- “Die sedelose vrou” (Groot Babilon) verteenwoordig die antichristelike kulturele en morele magte van die satan (Openbaring 17:1-18)
- Die mense wat “die merk van die dier ontvang het” (en “die onkruid tussen die koring”) (Matteus 13:38) verteenwoordig die antichristelike volgelingen/aanhangers van die Satan (Openbaring 14:9).

Gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode “is die hele sondige (antichristelike) wêreld in die mag van die duiwel” (1 Johannes 5:19), maar Jesus Christus (“die Seun van God”, letterlik: “Hy wat *vir ewig* uit God gebore is”) (Grieks: gegennémenos)(voltooid teenwoordige tyd) bewaar hom (die Christen)(letterlik: “hy wat *eens en vir altyd* uit God gebore is”) (Grieks: gennétheis) (aoristus tyd) en die duiwel kry *steeds* geen houvas (Grieks: haptomai) (onvoltooid teenwoordige tyd) op die Christen nie” (1 Johannes 5:18)! Dit is ’n ander manier om te sê dat die uitverkorenes “onmoontlik mislei kan word” (Matteus 24:24)!

Gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode “saai die vyand (die Satan)” naamchristene (die aanhangers of letterlik: “kinders van die Bose”) tussen (nie: naas) (Grieks: ana meson tou sitou) (Matteus 13:25,30,41) die Christene in die wêreld. Die teenswoordige koninkryk van God (of die Kerk) is dus gemeng. Daar is dus baie “naamchristene” of “kultuurchristene” in die huidige Kerk!¹⁰

4. Aan die einde van hierdie lang periode sal die Satan weer losgelaat word (Openbaring 20:3b,7).

Kort voor die wederkoms van Jesus Christus sal die satan weer losgelaat word uit sy posisie van vasgebind wees en die bese wêreld bymekaar maak vir “die (laaste) oorlog” teen die Christelike Kerk.

E. DIE KORT PERIODE

Die loslating van die Satan uit sy posisie van vasgebind wees sal die begin wees van ’n baie kort periode (Matteus 24:22) aan die einde van die geskiedenis van die wêreld. Hierdie kort periode word gesimboliseer deur “3½ dae” (Openbaring 11:9,11). Dan sal die laaste Antichris “die twee getuies” (’n simbool vir die Christelike Kerk as ’n instelling wat die evangelie verkondig) vernietig. Die Satan sal “die nasies” mislei en byeenbring vir die laaste oorlog in die menslike geskiedenis (Openbaring 20:7-8). “Die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is” is ’n simbool vir alle mense uit alle nasies wat nie in Jesus Christus glo nie (de nie-Christene, die ongelowiges) (Matteus 24:29). Die getal “4” verteenwoordig die “aarde” (die vier windrigtings” noord, suid, oos, wes).

Tydens hierdie kort periode sal die volgende gebeurtenisse plaasvind:

- die oorheersing deur die laaste Antichris
- die laaste groot verdrukking
- die laaste oorlog.

Die einde van hierdie kort periode is die plotselinge en onverwagte wederkoms van Christus, die opstanding uit die dood (Openbaring 11:11), die opname van gelowiges in die lug om Christus te ontmoet en te verwelkom terwyl hulle vyande toekyk (Openbaring 11:12), die laaste oordeel (Openbaring 11:18; 14:6-12) en die vestiging van die koninkryk van God in sy finale fase (die nuwe hemel en die nuwe aarde) (Openbaring 11:18; 14:1-5; 21:1-2) waar alleen geregtigheid sal woon (2 Petrus 3:13).

¹⁰ “Kultuurchristene” is mense wat hulself “Christene” noem omdat hul ouers Christene is of hul land ’n christelike kultuur geërf het, netsoos daar ook baie kultuur Hindoes en baie kultuur Moslems is. Hulle is in elk geval nie wedergebore nie (Johannes 3:7)!

1. Die oorheersing deur die laaste Antichris (2 Tessalonisense 2:1-12)

(1) Wat hou die Antichris teë?

Hoewel daar baie Antichriste in die wêreldgeskiedenis sal optree (1 Johannes 2:18; 4:3), sal daar één laaste Antichris kom (2 Tessalonisense 2:3b). Gedurende die lang periode word die koms van hierdie laaste Antichris (“die wettelose mens”) deur “iets” of “iemand” teëgehou (2 Tessalonisense 2:6-8). Waarskynlik is dit ’n verwysing na “die wette” en “die wethouers” wat die wet en orde in die wêreld handhaaf.

Wanneer die wet en orde nie meer in die wêreld funksioneer nie, sal die laaste Antichris (simbool: “die dier uit die onderaarde diepte/afgrond”) kom om die Gemeente (Kerk) as ’n georganiseerde instelling wat in die wêreld getuig (simbool: die twee getuie”) te vernietig (Openbaring 11:7).

(2) Die laaste Antichris sal die God van die Bybel bestry en homself verset teen en verhef bo alles wat “god” genoem word of aanbid word.

Hy sal selfs in die georganiseerde Kerk (simbool: “die tempel van God”) gaan sit en voorgee dat hy “god” is (2 Tessalonisense 2:4; Openbaring 13:14b-15) en sy leuens versprei (2 Tessalonisense 2:9-12). Die ware Christene sal hom teëstaan (Jakobus 4:7) en weier om hom te aanbid en te dien. Dit sal lei tot die laaste groot verdrukking van Christene en tot die laaste oorlog (*Lees* Openbaring 13:11-17).

(3) Die laaste Antichris sal sy bese mag uitoefen gedurende ’n simboliese periode van 3½ dag.

Die getal “3½” dag is nie letterlik bedoel nie, maar verteenvoerdig “’n periode van verdrukking” in die Bybel (1 Konings 17:1; Daniël 7:25; 9:27; 12:7; Lukas 4:25; Jakobus 5:17; Openbaring 11:2-3,9,11; 12:6,14; 13:5). Die getal 3½ suggereer dat die Antichris sal probeer om hierdie periode van verdrukking te verleng tot ’n goddelike getal 7, maar dat hy halfpad (die getal 3½) plotseling en onverwags afgebreek sal word!

Die hoogste getal wat die laaste Antichris kan bereik is 666 (Openbaring 13:18). Die getal “6” is die getal van “’n mens”, omdat hy op die 6^{de} skeppingsdag geskape is. Dit simboliseer dat hy “maar ’n mens bly en volkome misluk om God (777) te word”! Al sy pogings sal misluk!

2. Die laaste groot verdrukking van Christene (Matteus 24:21-26)

Hoewel Christene deur die geskiedenis heen swaar kry (Johannes 16:33; 2 Timoteüs 3:12; Openbaring 7:14), sal daar ’n laaste groot verdrukking wees (Matteus 24:21-26; Openbaring 3:10) aan die einde van die wêreldgeskiedenis.

(1) Sommige kenmerke van “die laaste dae”.

Mense sal lewe asof alles veilig is, sorgeloos en onverskillig lewe en die materialisme aanbid (Matteus 24:37-39). Hulle sal wat goed is haat en hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig, hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadsprekers, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie, hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig (2 Timoteüs 3:1-5). Hulle sal afvallig word van die geloof in Jesus Christus, misleidende geeste navolg en die leerstellings van bese geeste aanhang. Hierdie dwaalleraars is skynheilig en leuenaars wie se gewete toegeskroei is (1 Timoteüs 4:1-2). Baie naam-Christene sal hulle van die Christelike Geloof afkeer (2 Tessalonisense 2:3a).

(2) Die laaste Antichris sal die wêreld en die Gemeente (Kerk) oorwin.

God sal die laaste Antichris toelaat om mag uit te oefen oor alle lande en oor alle mense. God sal hom toelaat om oorlog te voer teen Christene en om hulle in ’n bepaalde sin “te oorwin” (Openbaring 13:7-8; sien Job hoofstuk 1-2). Dit verwys waarskynlik na die vernietiging van die Christelike Kerk as ’n georganiseerde instelling wat getuig (die vernietiging van sigbare gemeentes en ander christelike organisasies). Dit verwys NIE na die vernietiging van alle Christene op die aarde nie. By die wederkoms sal daar nog Christene op die aarde wees!

(3) Christene sal deur die groot verdrukking heengaan.

Jesus Christus (Matteus 24:3-31) en die apostels Paulus (2 Tessalonisense 1:5-10; 2:1-8), Petrus (2 Petrus 3:3-13; vergelyk 1 Petrus 1:6-7) en Johannes (Openbaring 13:5-10,15-18; 14:14-19) leer sonder uitsondering dat vóór die één en enige wederkoms van Jesus Christus alle Christene wat in die eindtyd lewe deur die groot verdrukking heen sal gaan! Daar sal hoegenaamd geen “geheime opname van die gemeente” vóór die groot verdrukking plaasvind wat Christene vóór die groot verdrukking van die aarde sal verwyder nie!

“Want in daardie tyd sal daar so ’n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nie weer sal wees nie” (Matteus 24:21). Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes (ware Christene) te mislei (Matteus 24:24a).

(4) Maar opregte Christene hoef nie bang te wees nie.

Dit is onmoontlik om regte (wedergebore) Christene te mislei (Matteus 24:24b)! Christene sal hierdie bese wêreld oorwin omdat hulle wedergebore is en glo (1 Johannes 5:4; Openbaring 17:14). Die Here het belowe: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan ’n mens aan my doen” (Hebreërs 13:5-6)? Christene sal tot die einde bly vasstaan (Matteus 24:13)! God wat die goeie werk in julle begin het, sal dit end-uit voer en dit voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom” (Filippense 1:6)! Niemand en niks sal wedergebore Christene uit die hand van Jesus Christus ruk nie (Johannes

10:28-30)! Jesus Christus sal geen opregte Christen verlore laat gaan nie (Johannes 18:9)! Niemand en niks kan 'n Christen skei van die liefde van God vir hom nie (Romeine 8:37-39)! Maar “naamchristene” of “kultuurchristene” is nie wedergebore nie (sien Johannes 3:7) en hulle sal van die Christelike Geloof afvallig word (2 Tessalonisense 2:3).

(5) Hoe lank duur die periode van verdrukking?

Die periode van verdrukking sal *nie letterlik* 3½ jaar duur nie, omdat die getal “3½ dae” (Openbaring 11:9-12) “'n periode van verdrukking” *simboliseer (verteenwoordig)* sonder om die tydsduur te spesifiseer. Nietemin leer Jesus dat “God ter wille van die uitverkorenes (d.w.s. die wedergebore Christene) daardie tyd (die periode van verdrukking) sal inkort” (Matteus 24:22)!

3. Die laaste oorlog teen Christene.

Aan die einde van hierdie kort periode (die groot verdrukking) sal die Satan uitgaan na “die vier uithoeke van die aarde (simbool: “die vier windrigtings”) om die (nie-Christen) nasies te mislei en byeen te bring vir die (laaste) oorlog teen Christus en die Christene (simbool: “die heiliges”) (Openbaring 20:7-9a).

Hierdie laaste oorlog word ook in ander parallelle Bybelgedeeltes beskrywe (Openbaring 16:12-16; 17:14; 19:17-19). Die Bybel noem geen spesifieke nasies by name nie, omdat “Gog en Magog” (sien Esegïel 38:2,15-16; Esegïel 19:17) ook in die Ou-Testamentiese openbaring simbole is vir “ongelowiges uit alle nasies” wat vyande van God se volk (Christus en Christene) geword het (Jesaja 24:21; Matteus 24:9; Openbaring 19:18).

Die wederkoms van Jesus Christus bring hierdie laaste oorlog en die periode van die groot verdrukking tot 'n einde (Openbaring 19:11-16,20-21; 20:9b-10).

F. DIE PLOTSELINGE VERSKYNING VAN JESUS CHRISTUS

1. Daar sal maar één wederkoms van Jesus Christus wees (Matteus 24:27-31)

(1) Die woorde “koms” en “verskyning”

Sowel Jesus as Paulus gebruik die woorde “koms” (Grieks: parousia) (Matteus 24:39; 2 Tessalonisense 2:1) en “verskyning” (Grieks: apokalupsis) (Lukas 17:30; 2 Tessalonisense 1:7) vir één en dieselfde gebeurtenis!

(2) Die wederkoms in die gelykenisse.

In die gelykenisse (Matteus 13:36-43; 25:10-13; 25:19) en in alle leerstellige gedeeltes (Matteus 16:27; 24:30-31; 25:31-32) is die wederkoms van Jesus Christus 'n eenmalige en allesomvattende gebeurtenis!

2. Die wederkoms van Christus sal plotseling en onverwags wees, maar vir alle mense baie sigbaar en hoorbaar.

(1) Die wederkoms van Christus sal plotseling en onverwags wees.

Dit sal “soos 'n dief in die nag” wees (1 Tessalonisense 5:1-2; Handeling 1:7). “Niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie” (Matteus 24:36,42) Niemand kan dit voorspel nie. Die ongelowiges sal nie gereed wees wanneer Jesus kom nie (Matteus 24:37-41). Die Christene behoort gereed te wees en tog sal Jesus Christus terugkom wanneer selfs Christene dit nie verwag nie (Matteus 24:43-44)!

(2) Die wederkoms van Jesus Christus sal sigbaar wees.

Dit sal as die weerlig in die Ooste wees wat 'n mens in die Weste op die aarde kan sien (Matteus 24:27-28). Alle mense op die aarde sal Jesus Christus op die wolke sien kom (Matteus 24:30; Openbaring 1:7).

(3) Die wederkoms van Christus sal hoorbaar wees.

Dit sal as 'n luide trompet wees. Alle mense sal die luide stem van Christus en die luide trompet hoor (Matteus 24:31; 1 Tessalonisense 4:16) wat dooie mense sal opwek (Johannes 5:28). Almal sal onmiddellik weet wie Jesus Christus is.

(4) Die wederkoms van Christus sal gepaard gaan met groot tekens.

Christus sal die oorlog van die Satan en sy bondgenote teen Christene beëindig deur hulle met die asem uit sy mond te verdelg (2 Tessalonisense 2:8) en met vuur uit die hemel te verslind (Openbaring 20:9b). Hy sal hulle almal in die hel gooi (Openbaring 19:20-21; 20:9b-10).

Daar sal 'n groot aardbewing wees wat berge en eilande sal verskuive en die hemelliggame sal opgerol word. So sal die ou skepping plek maak vir die vernuwing van alle dinge (Matteus 24:29; Hebreërs 1:10-12; Openbaring 6:12-17; 16:17-21; 20:11; 21:1)!

Dus, sal daar geen sogenaamde geheime eerste terugkoms van Christus wees nie en geen geheime opname van die Gemeente vóór die sogenaamde tweede terugkoms wees nie (soos aanhangers van die bedelingeleer leer).

3. Op die één en enige dag van die wederkoms van Christus sal daar vyf belangrike gebeurtenisse wees:

- Die opstanding van die mense wat al gesterf het
- Die verandering (transformasie) van mense wat nog lewe

- Die verwelkoming van Jesus Christus deur alle gelowiges
- Die laaste oordeel van alle mense
- Die vernuwning van alle dinge.

G. 1^{STE}. GEBEURTENIS DIE OPSTANDING VAN ALMAL WAT AL GESTERF HET

1. Jesus Christus is die eerste wat uit die dood opgestaan het.

Gedurende die heilsgeskiedenis is verskillende mense uit die dood opgewek (2 Konings 4:32-35; Matteus 11:5; Lukas 7:14-15; Lukas 8:53-55; Johannes 11:38-44; Matteus 27:51-53; Handeling 9:36-42; Handeling 20; 8-11), maar later het hulle almal weer gesterf! Die enige Een wat tot vandag toe uit die dood opgestaan het met 'n onsterflike en verheerlikte liggaam is die Here Jesus Christus. Daarom word Jesus Christus ook "die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het" genoem (Kolossense 1:18). "Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus Jesus lewend gemaak word. Maar daar is 'n volgorde: die Eersteling is Christus (2000 jaar gelede), daarna, by Christus se koms, dié wat aan hom behoort. Daarna kom die einde ... (1 Korintiërs 15:22-24).

2. Die eerste en tweede opstanding in die Evangelie van Johannes.

Jesus praat oor "twee opstandings" in die Evangelie van Johannes.

Die eerste opstanding van Christene is die wedergeboorte van hul menslike gees wanneer hulle in die evangelie glo. Dit gebeur gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode. "Ek verseker julle, daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en die wat daaraan gehoor gee, sal lewe" (Johannes 5:24-25). Hul dooie gees (siel) (Efesiërs 2:1) word lewend gemaak (Efesiërs 2:4), d.w.s., word weergebore (Johannes 3:3-8).


Die tweede opstanding van Christene is die opstanding van hul menslike liggaam by die wederkoms van Jesus Christus. "Daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word" (Johannes 5:28-29). Johannes 5:28-29 spreek oor die liggaamlike opstanding van alle mense by die wederkoms van Christus en die laaste oordeel. Sowel die geestelike opstanding as die liggaamlike opstanding is letterlike en werklike gebeurtenisse!

3. Die eerste en tweede opstanding in die boek Openbaring.

Op 'n soortgelyke manier praat Jesus oor "die eerste opstanding" (van Christene) en "die tweede dood" (van nie-Christene) in die boek Openbaring (Openbaring 20:4-6). Daarmee impliseer hy "die eerste dood" (van alle mense) en "die tweede opstanding" (van alle mense).

Die Bybel leer nie twee liggaamlike opstandings uit die dood nie, maar slegs één liggaamlike opstanding uit de dood by die wederkoms van Christus (Johannes 5:28-29; Handeling 24:15; Openbaring 20:12-13).

Openbaring 20:4-6 is 'n stylfiguur ('n chiasme)¹¹!



Die eerste opstanding" en "die tweede dood" is *simboliese/figuurlike uitdrukkinge* vir letterlike werklike gebeurtenisse (die geestelike ewige lewe en die geestelike ewige dood)! "Die eerste dood" en "die tweede opstanding" is ook letterlike uitdrukkinge vir letterlike gebeurtenisse (die tydelike liggaamlike dood en die ewige liggaamlike opstanding)!

- Vóór die wederkoms van Jesus Christus sal alleen Christene oorgebring word na die hemel (Openbaring 20:4-6; sien Openbaring 6:9-11; Hebreërs 12:22-23).
- Ná die wederkoms van Jesus Christus sal alleen nie-Christene in die hel gegooi word (Matteüs 25:46).

Die eerste dood (geïmpliseer) verwys na die (enige) dood van die liggaam van sowel die Christen as die nie-Christen, wanneer hy sterf, whereby sy menslike gees van sy menslike liggaam geskei word (Prediker 12:7). "Vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie" (1 Korintiërs 15:50). Daarom moet die teenswoordige verganklike liggaam eers sterf!

Die eerste opstanding is 'n figuurlike uitdrukking vir 'n letterlike gebeurtenis, naamlik nie die opstanding van die liggaam nie, maar van die (enige) opstanding van die gees (siel) (Grieks: psuché) van alleen die Christen (Openbaring 20:4), d.w.s., die oorpasing (verplasing) van die gees van die oorlede Christen op die aarde na die teenwoordigheid van God/Christus in die hemel (sien Lukas 16:22; 2 Korintiërs 5:1,8; Filippense 1:23) gedurende die hele periode tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms.

¹¹ Chiasme. Die tweede frase is 'n omkering van die volgorde in die eerste frase.

Tydens die simboliese periode van 1000 jaar, as Christene sterf, "lewe hulle eens en vir altyd" (in die teenwoordigheid van Christus) (Grieks: ezésan <zaó). Die Griekse woord "ezésan" (aoristus) beteken: "hulle lewe eens en vir altyd", (i.p.v. ANV: "hulle het lewend geword", wat te veel lyk op 'n liggaamlike opstanding). Dit is 'n verwysing na die eenmalige geestelike opwekking/oorplasing in die geestelike werklikheid van die hemel, 'n verwysing na hul letterlike geestelike lewe in hemelse heerlijkheid ná hul liggaamlike dood (Prediker 12:7; sien Lukas 16:22; Lukas 23:43; 2 Korintiërs 5:1,8; Filippense 1:23; Kolossense 3:3-4; 1 Tessaloniërsense 4:14; 1 Tessaloniërsense 5:10; Openbaring 14:13; Openbaring 20:4). Dit word "die eerste opstanding" genoem. Dit is nie 'n liggaamlike opstanding nie, maar 'n geestelike opstanding.

Die siele van nie-Christene "het nie gelewe nie (het nie in die teenwoordigheid van Christus gekom nie) totdat die simboliese 1000 jaar periode verby was nie" (Grieks: ook ezésan achri telesthé ta chilia eté). Hulle word nie na die hemel oorgeplaas nie, maar verkeer in die hel tot die wederkoms, wanneer hulle voor Christus in die laaste oordeel sal staan (sien Markus 8:34-38; Markus 9:43-48; Lukas 16:23; 2 Petrus 2:9; Openbaring 20:5 en Matteus 25:31-33).

Die Griekse woord "ezésan" (aoristus) beteken: "hulle lewe eens en vir altyd", 'n verwysing na hul letterlike geestelike lewe in hemelse heerlijkheid ná hul liggaamlike dood. Hul menslike siel/gees is "oorgebring" vanuit die gestorwe liggaam na die hemel (Prediker 12:7)!

Die Griekse woord "lewe" het dieselfde betekenis in:

- Lukas 20:37-38. Lewe vóór die eerste koms van Christus. Die God van Abraham, Isak en Jakob is nie die God van (fisiese) dooies (Grieks: nekron) nie, maar van (geestelike) lewendes (Grieks: zónton < zaó) (deelwoord, onvoltooide teenwoordige tyd, aktief). Vir God "lewe" (Grieks: zósin < zaó) (onvoltooide teenwoordige tyd) die aartsvaders altyd.
- Johannes 11:25. Lewe ná die eerste koms van Christus. Ook al sterf 'n Christen eenmaal (liggaamlik) (aoristus), sal hy (sy gees) seker "lewe" (Grieks: zósetai < zaó) (toekomende tyd).
- 1 Tessaloniërsense 5:10. Lewe by die wederkoms van Christus. Christus het ter wille van ons Christene gesterwe (en opgestaan), sodat "of ons (by sy koms) waak (nog lewe) of (ons liggaam in die dood reeds) slaap (Grieks: kateudó), ons (gees en liggaam) eens en vir altyd saam met (Grieks: hama sun) Christus "lewe" (Grieks: zósómen < zaó) (aoristus)".

Die tweede opstanding (geïmpliseer) verwys na die (enige) opstanding van die liggaam van sowel die Christen as die nie-Christen, gelyktydig by die (enigste) wederkoms van Christus (Johannes 5:28-29; Handeling 24:15; Openbaring 20:12a,13-14). "Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike beklee word" (1 Korintiërs 15:53). Die (geeste van die) Christene wat in Jesus ontslaap (gestorf) het, sal by die wederkoms met Christus teruggebring word (1 Tessaloniërsense 4:14). En die (liggame van dié) wat in Christus gestorf het, sal allereers opstaan (1 Tessaloniërsense 4:16). Dan word die verheerlikte menslike gees (1 Johannes 3:2) met die verheerlikte menslike liggaam (Filippense 3:21) herenig tot 'n onverganklike eenheid. Die liggaam van die Christen wat uit die dood opgestaan het, sal onverganklik/onsterflik, heerlijk, kragtig en geestelik wees (1 Korintiërs 15:42-44). Die opgewekte Christen sal "'n lewendmakende gees" wees wat die volmaakte gelykenis van Christus wat uit die dood opgestaan het, sal dra. Dit beteken dat die Christen volledig en volmaak deur die Heilige Gees gelei sal word en deur die Gees sal wandel (1 Korintiërs 15:45-50; sien Galasiërs 5:16,18,25). God berei Christene voor op hierdie heerlike toekoms deur aan hulle in die teenswoordige tyd die Heilige Gees te gee as 'n onderpand wat garandeer dat hierdie verandering baie seker sal plaasvind (2 Korintiërs 1:22; 2 Korintiërs 5:5)! Sowel die geestelike opstanding as die liggaamlike opstanding is letterlike werklike gebeurtenisse! Vanaf die wederkoms van Christus sal daar geen sonde (1 Korintiërs 15: 56-57), geen dood, geen leed, geen smart en geen pyn meer wees nie. Die dinge van vroeër het dan verbygegaan (Openbaring 21:4)!

Die tweede dood is 'n figuurlike uitdrukking vir 'n letterlike gebeurtenis, naamlik nie die liggaamlike dood op die aarde nie (want dit het al in die verlede gebeur by die eerste dood), maar vir die (enige) ewige dood van die liggaam en die siel van alleen die nie-Christen, d.w.s., op die laaste oordeelsdag word die liggaam en die gees (siel) (vgl. Lukas 16:23) van die ongelowige en ongehoorsame (die onheilige en onregverdige) mens in die hel (simbool: "die poel wat met vuur en swael brand") gegooi (na die hel oorgeplaas) (Matteus 10:28; Openbaring 2:11; Openbaring 20:6,14; Openbaring 21:8).

Terwyl Openbaring 20:4-6 spreek oor die opstanding van Christene en nie-Christene, spreek 1 Tessaloniërsense 4-5 en 1 Korintiërs 15 alleen oor die opstanding van Christene en nie oor die opstanding van nie-Christene nie. Maar dit beteken nog nie dat die nie-Christene nie saam met die Christene sal opstaan nie (Johannes 5:28-29; Handeling 24:15).

H. 2^{DE}. GEBEURTENIS

DIE VERANDERING VAN CHRISTENE WAT NOG LEWE

Die sterflike liggame (1 Korintiërs 15:51-53) en die onvolmaakte geeste (sien Romeine 8:29; Efesiërs 1:4b) van Christene wat by die wederkoms van Jesus Christus nog steeds op die aarde lewe, sal in 'n oomblik, in 'n oogknip verander word. "Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike" (1 Korintiërs 15:51-53).

I. 3^{DE}. GEBEURTENIS

DIE VERWELKOMING VAN JESUS CHRISTUS DEUR ALLE CHRISTENE

1. Na die opstanding sal alleen Christene weggeruk en met die wolke weggevoer word om Jesus Christus te verwelkom (Matteüs 24:31,40a,41a; sien Lukas 16:22).

Die wederkoms sal deur almal ervaar word. Hoewel die Christene en die nie-Christene tegelyk uit die dood sal opstaan (Johannes 5:28-29), sal die engele allereers die uitverkorenes (d.w.s., alle opregte Christene) versamel om Jesus in die lug te verwelkom (Matteus 24:40a,41a; sien 1 Tessalonisense 4:17; 2 Tessalonisense 1:10).

Die wegraping (opname). Engele sal die Christene wat uit die dood opgestaan het en die Christene wat verander is met liggaam en gees in die wolke “wegruk” (sien Openbaring 12:5) of “wegvoer” (1 Tessalonisense 4:17) (Grieks: harpazó) “na ’n ontmoeting (Grieks: eis apantésin) met die Here Jesus Christus in die lug”. Die woord “weggevoer” (Grieks: harpazó) (toekomende tyd) beteken “met geweld wegruk/opneem” (Johannes 6:15; 10:28; Judas 1:23; Openbaring 12:5). Die Christene sal “aangeneem” (beter: saamgeneem) word (Grieks: paralambanomai) met die engele (Matteus 24:31,40a-41a). Dit is die sogenaamde “wegrapping van die Gemeente of alle wedergebore Christene”, wat origens NIE 3½ of 7 jaar vóór die wederkoms van Christus, maar WEL by die wederkoms van Christus plaatsvind! Al hierdie Christene word “die skape” (Matteus 25:33), “sy koring” (Matteus 3:12), “die goeie saad”, “die kinders van die koninkryk” of “die regverdiges” (Matteus 13:36-43) genoem. Dus, alleen die Christene wat uit die dood opgestaan het en in ’n oogknip verander is sal Jesus Christus verwelkom in die lug by sy wederkoms!

Die uitdrukking “tegemoet” (Grieks: eis apantésin). Dit verwys na die gewoonte van mense om uit hul woonplek te vertrek om ’n belangrike persoon tegemoet te gaan, te verwelkom en dan weer saam met hom na hul woonplek terug te keer (sien Handeling 28:15; Matteüs 25:6,10).

Matteus 25:6 sê: “In die middel van die nag was daar ’n geroep: Hier kom die bruidegom. Gaan hom tegemoet” (Grieks: idou ho numfios, exerchesthe eis apantésin autou). Vers 10 sê: “Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.” Die woorde: “eis apantésin” verwys na die wederkoms van Jesus Christus wat plotseling en onverwags kom en na mense wat hom tegemoet gaan en ander wat nie deelneem aan hierdie ontmoeting (sien Matteus 24:40-41) en ook nie aan die bruilofsfees nie.

In Handeling 28:15 word die woorde “eis apantésin” gebruik van die gelowiges wat van Rome uitgegaan het om Paulus te ontmoet en te verwelkom voordat hulle almal na Rome teruggekeer het.

In 1 Tessalonisense 4:16-17 word die woorde “eis apantésin” gebruik van die gelowiges wat van die ou aarde weggeruk (weggevoer, opgeneem) (Grieks: harpazó) word om Jesus by sy wederkoms in die wolke te ontmoet, te verwelkom, te verheerlik en te bewonder (2 Tessalonisense 1:7-10) en op hierdie enigste oordeelsdag geoordeel te word (Matteus 25:31-33), tegelyk met die oordeel van die ou aarde (Matteus 24:29-31; Romeine 8:19-23; 2 Petrus 3:10-13; sien Openbaring 6:12-17; 16:17-21; 20:11) voordat hulle saam met Christus (as die Nuwe Jerusalem) neerdaal op die nuwe aarde (Openbaring 21:1-2) om vir ewig saam met Christus te lewe (1 Tessalonisense 4:18; 5:10; Openbaring 21:3-5)!

Die verheerliking en bewondering. Jesus Christus sal *eens en vir altyd* verheerlik word (Grieks: endoxazomai) (aoristus passief) in die heiliges (die mense wat deur God afgesonder is). Hulle sal die attribute van Christus volmaak reflekteer (sien 2 Korintiërs 3:18). Hy sal “vol vreugde wees oor hulle” en “jubel en juig oor hulle” (Sefanja 3:17; vgl. Jesaja 49:3). God sal Homself in Jesus Christus by sy menswording, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging verheerlik (Hebreeus: pe’ar Hitp) (Jesaja 44:23; 49:3; Openbaring 5:1-14) en Jesus Christus by sy wederkoms “weer in Christene verheerlik” (Grieks: palin doxaó) (toekomstige tyd)(Johannes 12:28)! Jesus Christus sal *eens en vir altyd* met verbasing bewonder word (Grieks: thumazo)(aoristus passief) in die mense wat glo (2 Tessalonisense 1:10)! Hulle sal Hom prys. Ná die laaste oordeel sal ook alleen hulle saam met Christus na die nuwe aarde terugkeer!

2. Later op dieselfde dag sal die nie-Christene voor die troon van Christus in die lug gebring word vir die laaste oordeel (Matteüs 24:40b,41b).

Die ongelowiges en die nie-Christene word aanvanklik op die aarde “agtergelaat” (sien Matteüs 24:40b,41b) om eers die skrikaanvaende verandering van die hemelliggame te aanskou (Openbaring 6:12-17). Hulle sal geen deel hê aan hierdie verwelkoming van Christus nie. Later op dieselfde dag van die wederkoms, sal hulle deur engele ook voor die regterstoel van Christus in die lug gedryf word vir die één, enige en gelyktydige eindoordeel (Matteus 24:40b,41b; sien Matteus 25:31-33; Openbaring 20:11-12)! Hulle sal in die vurige oond gegooi word (Matteus 13:40-42,48; Matteus 25:32-33). Die ongelowiges en nie-Christene word “die bokke” (Matteus 25:33), “die kaf” (Matteus 3:12), “die onkruid”, “die kinders (ANV: aanhangers) van die bese” of “mense wat ander mense in sonde laat val en die wet van God oortree” (Matteus 13:36-43) genoem.

J. 4^{DE}. GEBEURTENIS

DIE LAASTE OORDEEL VAN ALLE MENSE

1. Die Bybel leer maar één laaste oordeel.

(1) Slegs één laaste oordeelsdag in die lug.

By die één en enige wederkoms van Jesus Christus sal daar slegs één opstanding uit die dood wees (Handelinge 24:15; Johannes 5:28-29). Dit word onmiddellik gevolg deur slegs één laaste oordeel van alle mense wat ooit in die geskiedenis geleef het (Matteus 3:12; 13:30,40-43; 24:39-42; 25:31-46; Lukas 17:30,34-35)

Alle drie die volgende benaminge vir ‘die troon’ verwys na één en dieselfde oordeelsdag!

- Die eindoordeel van sowel Christene as nie-Christene voor “die reesterstoel van Christus” (2 Korintiërs 5:10)
- Die eindoordeel van alle volke (ingeslote Israel) voor “die troon van heerlijkheid van Christus” (ANV: koninklike troon) (Matteüs 19:28; 25:31-32)
- Die eindoordeel van alle dooies wat deur die doderyk teruggegee is voor “die groot wit troon” (Openbaring 20:11-12).

Net soos die verskillende name vir Jesus Christus nie na verskillende persone verwys nie, so verwys die verskillende name vir die eindoordeel NIE na verskillende eindoordele nie!

In die Bybel word “die troon” in die hoër gebiede geplaas (1 Konings 22:19; Daniël 7:9-10; Openbaring 4:2; 20:4; sien “lug” in 1 Tessalonisense 4:17).

(2) Die laaste oordeel van mense in ooreenstemming met wat hulle gedoen het.

Tot die laaste oordeelsdag sal Christene en nie-Christene met mekaar vermeng op die aarde lewe (Matteus 13:30). Eers by die laaste oordeel sal die Christene van die nie-Christene van mekaar geskei word (Matteus 13:41-43; 25:32).

Nadat die engele alle mense voor die troon van Christus in die lug gebring het, sal Jesus Christus die laaste woord spreek (Johannes 5:22,27). Hy sal in die teenwoordigheid van alle mense alles openbaar wat Christene en nie-Christene gedoen het (Prediker 12:14; Romeine 2:5-8). Almal moet dan verantwoording vir hul eie lewe aflê (Hebreeërs 4:13; Matteus 10:26), ongeag of hulle wel of nie aan Jesus Christus behoort en ongeag of hulle wel of nie in gehoorsaamheid aan sy Woord geleef het. “En hierdie mense (die bokke) sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het (die skape), die ewige lewe” (Matteus 25:46).

Alleen hulle wie se name in die Boek van die Lewe geskrywe staan, sal die koninkryk van God in sy finale fase (die nuwe aarde) beërwe (Matteus 25:34; Openbaring 20:12,15).

2. Die nie-Christene sal openlik veroordeel word.

(1) Hulle word persoonlik veroordeel al vóór hul liggaamlike dood.

Die mense wat nie in Jesus Christus glo nie (die nie-Christene en ongelowiges) word nie eers op die laaste oordeelsdag veroordeel nie. Die Bybel sê dat hulle alreeds vóór hulle dood op die aarde veroordeel (verdoem) is! Hulle word veroordeel (verdoem) vir:

- hul ongelooft (Johannes 3:18,36; sien Romeine 8:1)
- hul nalatigheid om regverdig te lewe (Matteus 25:41-46)
- die onregverdige dade wat hulle gepleeg het (2 Tessalonisense 1:6,8; Openbaring 21:8).

By die wederkoms van Christus sal selfs die nie-Christene hul onderwerp (“hul knieë buig”) en erken dat Jesus Christus inderdaad die Here is (Filippense 2:11)! Maar dan is dit vir hulle te laat!

(2) Hulle word in die openbaar veroordeel ná hul liggaamlike opstanding.

By hul liggaamlike dood word hul gees (siel) van hul liggaam geskei en in die hel gegooi (sien Lukas 16:23-26). By die opstanding sal hul liggame saam met die liggame van Christene uit die dood opstaan (Johannes 5:28-29; Handelinge 24:15). Hulle sal voor die troon van oordeel in die hoër gebiede (die lug) gebring word (Matteus 24:40b;41b) waar Jesus hul ewige bestraffing openlik sal uitspreek. Hulle word veroordeel tot die onuitblusbare vuur van die hel (Matteus 3:12b). Veral hul nalatigheid om wat goed in God se oë is te doen, sal openlik uitgespreek word (*Lees* Matteus 25:41-46), sodat almal sal weet dat God se oordeel volkome regverdig is (Lukas 12:47-48; 2 Tessalonisense 1:5-10; sien Openbaring 15:3-4).

(3) Hulle word vir ewig in die hel gestraf.

Dan sal hulle met gees (siel) en liggaam in die hel gegooi word (Matteus 10:28; 13:42; Markus 9:47-48; Openbaring 20:15; Openbaring 21:8). Die hel is ’n plek wat vir duiwel en sy engele voorberei is (Matteus 25:41; Openbaring 20:10). Dit is die plek waar duiwels en mense vir altyd van God se teenwoordigheid, liefde en heerlijkheid geskei bly (2 Tessalonisense 1:9). Dit is ’n ewige bestraffing en kwelling in die onuitblusbare vuur (Matteus 25:46; Markus 9:47-48; Openbaring 21:8).

Wat dit presies beteken, word nie geopenbaar nie. In die Hebreeus beteken die woord “ewig” (Hebreeus: ‘olam) “’n lang tyd”, “vir die duur van ’n lewe”. Die God van die Bybel is in elk geval “barmhartig en genadig, lankmoedig, vol liefde en trou. Hy betoon sy liefde aan duisende geslagte (ANV: geslagte en geslagte) van die wat God liefhet en sy gebooie gehoorsaam (Eksodus 20:6). Hy vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar spreek niemand sonder

meer vry nie” (tensy versoening vir sy sondes gemaak is) (Eksodus 34:6-7). Sy oordeel sal in elk geval absoluut regverdig wees (Lukas 12:47-48; Openbaring 15:3-4). Hoe “sy barmhartigheid oor die oordeel sal triumfeer” (Jakobus 2:13) word ook nie geopenbaar nie.

3. Die Christene sal openlik beloon word.

(1) Hulle word persoonlik geregverdig al vóór hul liggaamlike dood.

Ook die mense wat in Jesus Christus glo (die Christene, die gelowiges) word al op die aarde vrygespreek (regverdig verklaar, volkome vergewe) (Johannes 3:18a; Romeine 3:22,24; Romeine 5:1-2; Romeine 8:1-2; Efesiërs 1:7-8; Hebreërs 10:17-18). Hulle het al die ewige lewe voordat hulle sterwe (Johannes 5:24-25; 10:28; 1 Johannes 5:11-13).

(2) Hulle word in die openbaar geregverdig ná hul opstanding.

By hul liggaamlike dood word die gees (siel) van Christene van hul liggaam geskei en in die hemel opgeneem (Prediker 12:7; Lukas 16:22; 2 Korintiërs 5:1,8; Filippense 1:23; Hebreërs 12:23b).

By die wederkoms van Jesus Christus sal die menslike geeste van oorlede Christene met Christus saamkom (1 Tessalonisense 4:14), hul gestorwe liggame sal saam met die liggame van die nie-Christene uit die dood opstaan (Johannes 5:28-29). Die verheerlikte menslike geeste van Christene sal met hul verheerlikte menslike liggame verenig word tot ’n onverganklike eenheid. Dan sal hulle met hul verheerlikte gees (siel) en verheerlikte liggaam weggeruk en op die wolke weggevoer word om Jesus Christus te verwelkom, te bewonder en beoordeel te word volgens hoe hulle op die aarde geleef het.

Ook Christene moet rekenskap aflê oor hoe hulle in ooreenstemming met God se Woord geleef het (2 Korintiërs 5:10; Hebreërs 4:13). Maar hulle sal in die openbaar volkome regverdig verklaar word omdat die geregtigheid van Jesus Christus al aan hulle toegereken is (2 Korintiërs 5:21) en meegedeel is (1 Korintiërs 1:30). Veral hul goeie daade sal in gedagtenis gebring word (Matteus 25:34-40), sodat almal sal weet dat God se oordeel volkome regverdig is. Alle Christene en alle engele sal oor God se geregtigheid sing, selfs by sy laaste oordeel (Openbaring 15:2-4; 16:5-7).

(3) Hulle word vir ewig beloon in die koninkryk van God in sy finale fase.

Elke Christen sal beloon word volgens sy daade/werke (Romeine 2:6; 1 Korintiërs 3:12-15). Opregte Christene sal nooit veroordeel (verdoem) word nie (Johannes 5:24; Romeine 8:1; Hebreërs 10:17-18) en hulle sal nooit verlore gaan nie (Johannes 3:16; Johannes 10:28; Johannes 17:12; Johannes 18:9; vergelyk Filippense 1:6)! Hulle sal die koninkryk van God in sy finale fase beërwe (Matteus 25:34). Die koninkryk in sy finale fase is simbolies “die Hemelse Jerusalem” wat na die laaste oordeel as “die Nuwe Jerusalem” op die nuwe aarde sal neerdaal (Openbaring 21:1-2,9-10).

(4) Daar sal nie meer ’n tweede kans kom om tot bekering te kom nie of gered te word nie.

Wanneer die dag van die wederkoms aangebreek het, sal daar geen geleentheid meer wees om tot bekering te kom nie of gered te word nie (Matteus 25:10-13; sien Spreuke 27:1; 2 Korintiërs 6:1-2)!

K. 5^{DE}. GEBEURTENIS DIE VERNUWING VAN ALLE DINGE

1. Die vernuwing van alle dinge sal by die wederkoms van Christus plaasvind.

By die één en enige wederkoms van Jesus Christus sal die vernuwing van alle dinge plaasvind. Die “koms” (Grieks: parousia) van die Here (2 Petrus 3:4) sal die volgende wees: “’n dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdolg word” (2 Petrus 3:7; vergelyk Matteus 19:28-29) en “die dag van die Here” (2 Petrus 3:10) waarop (letterlik:) alle dinge herstel word (tot volmaaktheid) (Grieks: apokatastasis) (Handelinge 3:21), waarop die nuwe hemel en die nuwe aarde tot stand kom (2 Petrus 3:10-13). Dus daar sal geen sogenaamde “1000 jarige vrederyk” tussen die wederkoms van Christus en die vernuwing van alle dinge wees nie!

2. Die teenswoordige toestand van die heelal sal tot ’n einde kom.

Die dag van die wederkoms sal die laaste dag in die geskiedenis van die teenswoordige ou aarde wees! Die teenswoordige skepping sal bevry word van die slawerny aan die verydeling/sinloosheid (Grieks: mataiotés) en bederf/verganklikheid (Grieks: fthoras) (Romeine 8:19-22). Alles bo die aarde, as die son, maan en sterre, en alles op die aarde as die berge en eilande, sal heftig beweeg (ANV: ontwig) word (Matteus 24:29) of “bewe/wankel” (Grieks: saleuó) (Hebreërs 12:26-27; Openbaring 6:12-14; 16:17-21), “vlug/padgee” (Grieks: fugó) (Openbaring 20:11), met ’n groot gedruis verdwyn (Grieks: parerchomai) (2 Petrus 3:10; Openbaring 21:1). Die elemente sal “deur vuur verbrand” (Grieks: kausoó) en “uitmekaar val/ontbind” (Grieks: luó) en die aarde met alles daarop sal baie seker “blootgelê word (vir oordeel)” (Grieks: heuriskó) (toekomende tyd as absolute sekerheid) (2 Petrus 3:10). Niks in die skepping of in die geskiedenis sal verborge bly nie (Matteus 10:26; Hebreërs 4:13)!

Dus vind die laaste oordeel van mense in die hoër gebiede (die lug) plaas (Matteus 24:31; Matteus 25:31-32; 1 Tessalonisense 4:17) tegelyk met die finale oordeel van die universum en die ou aarde!

3. Die skepping sal vernuut en volmaak word.

Die vernuwing van alle dinge sal by die wederkoms van Christus plaasvind (Matteus 19:28; Handeling 3:21; sien Openbaring 21:5). Jesus Christus sal die nuwe hemel (die heelal met al sy sterre) en die nuwe aarde tot stand bring (2 Petrus 3:13; Openbaring 21:5; sien Jesaja 65:17). Hy sal alles nuut maak (Openbaring 21:5)! So sal die koninkryk van God sy finale en volmaakte fase bereik (Matteus 25:34). Christene “leef in die verwagting van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers” (2 Petrus 3:13).

4. Die bruilof van die Lam.

(1) Vóór die wederkoms van Christus berei die Gemeente (Kerk) haarself voor op die bruilof van die Lam.

Gedurende die hele Nuwe-Testamentiese periode berei die Gemeente (Kerk) haarself voor op haar bruilof met die Lam (Efesiërs 5:25-27). Vóór die wederkoms van Christus word die Gemeente (Kerk) “die Hemelse Jerusalem” genoem (Galasiërs 4:24-27; Hebreërs 11:10,13-16; 39-40; 12:22-24; 13:14) (Lees Jesaja 54:1-5,11-12). Die Kerk is die gemeenskap van mense wat hul burgerskap in die hemel het (Filippense 3:20), maar wat as profete, priesters en konings op die aarde funksioneer (1 Petrus 2:9-10). Die lewens van Christene is “saam met Christus verborge in God” (Kolossense 3:1-4).

(2) Na die wederkoms van Christus en die laaste oordeel van alle mense, word die Kerk “die Nuwe Jerusalem” of “die Bruid van die Lam” genoem.

Sy sal saam met Christus van af die boonste gebiede (waar die laaste oordeel plaasgevind het) neerdaal op die nuwe aarde (Openbaring 21:1-2,9-10).

“Die Nuwe Jerusalem” is die simbool van die voltallige gemeenskap van gelowiges uit die Ou-Testamentiese periode (Hebreërs 11:10,16) en uit die Nuwe-Testamentiese periode (Hebreërs 13:14). Dit is die simbool van die Gemeente (Kerk) uit alle eeue, d.w.s., die Gemeente (Kerk) (Grieks: ekklesia) van die Ou Testament (Psalm 107:32) en die Gemeente (Kerk) (Grieks: ekklesia) van die Nuwe Testament (Matteus 16:18). Dit is die simbool vir die absolute “volle getal” (Grieks: pleroma) van die uitverkorenes wat nie mislei kan word nie vanaf die skepping tot aan die vernuwing van alle dinge (Matteus 24:22,24,31; Romeine 8:28-30,33; Romeine 11:4-6,25-26).

(3) Dus die wederkoms van Jesus Christus word voltooi met “die bruilof van die Lam” (Openbaring 19:7-8).

Die Boek Openbaring bestaan uit sewe parallelle dele (hoofstuk 1-3, 4-7, 8-11, 12-14, 15-16, 17-19 en 20-22). Die wederkoms van Jesus Christus word voltooi met “die bruilof van die Lam” (Openbaring 19:7-8). Die bruilof van die Lam toon aan dat Openbaring 21:1-2,9-10 ’n *parallelle beskrywing* van Openbaring 19:7-8 is. Ook “die laaste oorlog” toon aan dat Openbaring 20:7-10 ’n *parallelle beskrywing* van Openbaring 19:11-21 is.

- Openbaring 20:1-6 (aangaande die duisend jaar periode) volg dus nie chronologies op Openbaring 19:11-21 nie, maar gaan chronologies daaraan vooraf!
- Openbaring 17-19 is dus parallel aan Openbaring 20!

5. Die ewigheid.

(1) Op die nuwe aarde bereik God se verbond sy volmaaktheid!

In die Ou Testament word die verbond begin met die woorde: “Ek sal by julle bly en julle God wees, en julle (die gelowiges gedurende die Ou-Testamentiese periode) sal my volk wees” (Genesis 17:7; Eksodus 6:2-7; Leviticus 26:12).

In die Nuwe Testament word God se volk nie beëindig of vervang nie, maar word hierdie verbond voortgesit en uitgebrei om alle gelowiges in Jesus Christus uit alle volke in die wêreld in te sluit (2 Korintiërs 6:16).

By die wederkoms van Christus kom hierdie verbond tot voltooiing en volmaaktheid, omdat alle Christene uit alle volke in die wêreld “sy volke” (meervoud) sal wees en in sy teenwoordigheid op die nuwe aarde sal woon (Openbaring 21:3).

(2) Op die nuwe aarde sal alle mense en alles absoluut volmaak wees!

“Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.” “Ek maak alles nuut” (Openbaring 21:4-5). Die nuwe aarde sal bloei en baie vrugte voortbring (Openbaring 22:1-2; sien Jesaja 27:6). Die wilde diere sal tam wees en in vrede met die huisdiere lewe. Niemand sal kwaad aanrig of iets verniel nie” (sien Jesaja 11:6-9). Die nuwe aarde sal ’n plek wees waar alleen maar geregtigheid woon (ANV: waar alleen die wil van God sal heers)(2 Petrus 3:13)!

(3) Op die nuwe aarde het die koninkryk van God voltooiing en volmaaktheid bereik (Matteus 25:34; 1 Korintiërs 15:23-28; Openbaring 11:15-18)!

Jesus Christus as Seun (as Middelaar) sal die Koninkryk (koningskap) oordra (Grieks: paradidomi) aan God die Vader (1 Korintiërs 15:24) en Hom ook Self (sy menslike natuur) onderwerp (Grieks: hupotassó) aan God die Vader wat alles aan Hom (as Middelaar) onderwerp het. So sal God (letterlik:) “alles in almal” wees (ANV: alles wees vir alles), d.w.s. sodat God direk (sonder Middelaar) oor alles en almal sal regeer (1 Korintiërs 15:28). Dit beteken dat die werk van Jesus Christus as Middelaar tussen God en mense gedurende die periode van die heilsgeskiedenis voltooid sal wees. *Die onderskeidende take* van God die Seun en God die Vader sal tot ’n einde kom (Openbaring 21:22-23).

Maar die koningskap van Jesus Christus is 'n ewige koningskap (1 Kroniek 17:12b,14; Jesaja 9:6; 2 Petrus 1:11) en sy koningskap saam met God die Vader sal tot in ewigheid aanhou (Openbaring 11:15)! “Die troon van God en van die Lam” sal vir ewig bestaan (Openbaring 22:1,3)!

L. HOE BEHOORT JY AS 'N CHRISTEN TE LEWE VÓÓR DIE WEDERKOMS?

Wees geduldig en standvastig. Oefen jouself om geduld te hê en standvastig te bly, omdat jou eie dood of die wederkoms van Christus naby is (Jakobus 5:8).

Wees waaksaam in beproewinge. Eet en drink nie te veel nie en maak nie te veel sorges oor jou lewensonderhoud nie. Bly waaksaam en hou aan om te bid (Lukas 21:8-19) dat jy staande mag bly voor die troon van oordeel (Lukas 21:34-36).

Wees heilig in jou lewe. Laat jou liefde vir mense groei en oorvloedig word, sodat jy onberispelik en heilig voor God sal staan by die wederkoms (1 Tessaloniense 3:12-13; 2 Petrus 3:11-12).

Wees trou in jou taak. Bly trou en verstandig besig met die taak wat Jesus aan jou toevertrou het (Matteus 24:45-47; Lukas 12:42-48).

M. OORSIG VAN DIE HEILSGESKIEDENIS

